**<u>Oestyd-nuusbrief</u>**

**Februarie 2009**

Geagte Broer en Suster,

**INLEIDEND:**

Hiermee die eerste Oestyd van 2009. Dankie aan elkeen wat finansieel bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom - indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou. Ons is dringend op soek na iemand wat bereid is om kwartaalliks uittreksels uit die verskillende sendelinge se nuusbriewe te maak en dit bymekaar te sit om die Oestyd die lig te laat sien. Kontak asseblief vir Chris Botha (Leier van die Taakspan vir Sending) indien u bereid is of meer inligting verlang.

**FRANKRYK:**

Corné en Sophie du Plooy met Claire, Thomas en Sébastien

PERSOONLIK

Christusseënwense vir die jaar wat voorlê. Ons het 2008 geeïndig met die geboorte van Sébastien die 29ste Desember om 11:25. Hy is amper drie weke vroeg gebore, maar het by sy geboorte alreeds 3,865kg geweeg en is 50cm lank. Sophie is erg bekommerd want hy slaap baie – selfs gedurende die nag. Iets waaraan ons nie gewoond is nie. Maar dit gaan goed met Ma en seun. Thomas het waterpokkies gehad en toe het hy dit met Claire gedeel. Claire het met die uitslag begin die dag toe Sophie met die baba huis toe kom. Ons moet alle fisiese kontak tussen dié twee en Sébastien vermy. Gelukkig werk die kinders mooi saam.

GEMEENTE

Daar het baie dinge die afgelope paar maande gebeur. Die jaar het met die troue van Jean-Marc en Martine die 21ste September begin. Ons moes mooi beplan om 300 mense in die kerk in te kry. Die diens het twee-en-‘n-half uur geduur en ek en die vorige predikant (nou afgetree) het saam om die beurt die preek gedoen (4X6 minute elkeen). Die 28ste September het Marie-Cecile (20jr) belydenis van geloof afgelê. Dit was ook ‘n bemoediging om te sien hoe die Here die afgelope jaar in haar lewe gewerk het.

Die 4-5de Oktober het ons ‘n getuienisopleidings-naweek gehad. Drie mense het dit bygewoon en Noëlla, ‘n gemeentelid en lid van Agape Campus For Christ, het dit aangebied. Dit was baie verrykend. Ons probeer gereeld uit te reik in die parke en in die middestad. Dit gee aanleiding tot interessante kontakte. Ons het besluit om eerder van “getuienis” as “evangelisasie” te praat, want ons wil hê dat ons (elke lidmaat) getuienis deel van ons alledaagse lewe moet wees en nie net beperk word tot ‘n uitreik nou-en-dan nie.

Die 5de Oktober het ons ook ons kerkraadsverkiesing gehad.

Die 16de Desember het ons na die oggenddiens ons Kersfeesete gehad en die middag is verskillende toneelstukke deur die kinders, die jongmense en die studente aangebied. Ongeveer ‘n 100 mense het dit bygewoon. Ek het ‘n bedieningstelsel in die gemeente geloods waarby gemeentelede aktief kan inskakel en by verskillende diensleweringsaktiwiteite betrokke kan raak.

Projek 007: Ons beplan om met 15 jongmense/studente gedurende April (4-12) London te besoek. Ons sou graag die SA Gemeente en Holy Trinity Brompton Kerk wou besoek, asook algemene besienswaardighede. Bid asseblief vir die reëlings en finansies wat nogal moeilik is. Ons benodig ongeveer R3500/p – dit is as ons êrens gratis verblyf kan kry.

BUITEGEMEENTELIKE AKTIWITEITE

Begin November het ons ‘n predikante-retreat gehad. ‘n Antropoloog het met ons kom praat oor hoe ons die Bybel vanuit ‘n anthropologies-sosiologiese perspektief beter kan verstaan.

Ek is gevra om deel uit te maak van die Kommissie van Teologie van ons kerk. Tydens ons streeksinode is ek tot bestuur van die Streeksinode verkies. Ek is ook een van die kandidate om ons kerk op die bestuursraad van die Teologiese Fakulteit van Aix-en-Provence te verteenwoordig. Die verkiesing vind plaas tydens ons Algemene Sinode 20-22 Maart.

Ons kerk organiseer ‘n groot nasionale saamtrek die 8-10 Mei by Anduze. Gedurende hierdie langnaweek gaan ons ons nuwe naam aanvaar (Protestantse Evangelies-Gereformeerde Kerk) en ons kerkvisie inlyf. Gedurende die naweek is ek gevra om twee werkswinkels rondom Geloof en Sport aan te bied.

Die 18-25 Januarie is die Week van Gebed vir die eenheid onder die Christene. Protestantse Kerke, die Rooms-Katolieke Kerk en die Ortodokse Kerk organiseer verskillende aktiwiteite gedurende die week. Ek preek tydens die gesamentlike afsluitingsgeleentheid die 25ste Januarie.

GEBED

Bid vir die geestelike verdieping van ons gemeente, en vir ‘n toenemende commitment tot Jesus Christus. Bid dat dat ‘n gees van getuienisskap sal groei en dat lidmate tot die gemeente gevoeg sal word. Bid vir toe toenemende groei van die finansies van die gemeente.

**ALTA GLAS – KAMBODJA** – uittreksel uit haar Desember 2008 nuusbrief; intussen was ons bevoorreg om haar hier by ons gemeente te ontvang op 22 Februarie tydens die oggenddiens.

VERITAS KOLLEGE KAMBODJA - 2008

Wow … dit is al weer einde van die jaar! Dit is met vervulling wat ek terug kyk en besef dat die Here Veritas Kollege Kambodja die afgelope jaar mildelik geseën het.

PERSONEEL

Ons as span is nou 4 'man' sterk met gawes wat mekaar aanvul; administrasie, rekenaarvaardighede, fasilitering ens. Dit is vervullend, 'n voorreg en 'n seën om te sien hoe die Here elke spanlid (ek ingesluit!) in hulle rolle laat in groei en bymekaar aanpas.

OPLEIDING

VCCam het diep in die meeste van die deelnemers se harte ingekruip. Die meerderheid het 'n besluit geneem om aan te gaan totdat hulle Module 4 voltooi het. In een van die areas het die deelnemers tafels en koffie bekers gaan koop om hulle lewe makliker

te maak vir die volgende 3 jaar; dit neem ongeveer 'n jaar vir hulle om 'n module te voltooi! Van die 108 Module 1 deelnemers (2008) het 93 die hele pad saam geloop en het al 9 van Module 2 dit voltooi. Dit is vir ons vervullend om vir soveel ouens wat die modules voltooi het, sertifikate te gee – hulle het hard gewerk; 2 keer eksegese prakties ('eksamen' ) onder toesig gehad.

Ons is hard besig om die jaar se opleiding af te handel - my medewerkers neem hulle jaarlikse verlof aan die einde van Desember; saam met die vakansie dae is dit ongeveer 2 weke.

Praktiese simulasie ... Ons het getwyfel of ons regtig tyd wou spandeer om die ouens te laat preek en 'n 'kinderdiens' in simulasie te doen. Baie deelnemers het daarvoor gevra omdat hulle dit as 'n positiewe evaluasie geleentheid sien wat hulle bedag maak op positiewe en negatiewe aspekte t.o.v. 'preek/bediening' styl in die praktyk. Die evaluasie word deur ander deelnemers en Veritas Kambodja personeel gedoen.

HARTSEER

Tydens die simulasie het ons agtergekom dat een oom se geloof en preke as dwaallering oorkom; o.a dat ons almal Christus is. Hy en 'n ander persoon wat ook glad nie geestelik sterk is nie ... is die leiers van 'n gemeente. Kom ons loop nog 'n myl ... Ons het gevoel dat ons hulle twee wil ondersteun om sterk te word in hulle geloof en so ook in hulle vermoëns om die Woord duidelik en korrek te verkondig – ons sal hulle twee en 'n paar ander ouens wat nie Module I bevredigend voltooi het nie saam in 'n kleiner groep opset 'heroplei'. 'n Kerk leier met beperkte geletterdheid, vanaf 'n afgeleë tribal area, het ook die afgelope opleiding sporadies bygewoon om so bemoedig en versterk te word.

NB, NB!!!!

Phnom Penh en ander stede in Kambodja ontwikkel vinnig. VCCam werk egter in die provinsies waar armoede baie erg is. 64% Rural Khmer leef op 1750 Reil/dag (US$0.46) Ons het 280 aansoeke ontvang vir module 1 (2009) en het fondse nodig vir die deelnemers om na die sentrale opleidings area te reis. Bid asb. saam of as dit op jou hart is help asb. - ± US$5 per persoon. Dikwels wanneer ek hoor van die nood in provinsies breek dit my hart en is daar 'n soeke na metodes om die las te help verlig. Gedurende verlede maand was ek bevoorreg om vir iemand te vertaal tydens 'n vergadering. Dit was ook toe dat ek bewus geword het van 'n projek van die Metodiste Singapoer sending. Hulle het 'n bedienings /opleidings projek waar jong meisies praktiese onderig (klere maak, hare sny ens. ) en verblyf verniet kry vir 18maande. Ek kon die inligting deur gee aan pastore waar ons werk en so is daar nou 8 jong meisies wat , DV, hoop op 'n beter toekoms het.

PERSOONLIK

'n Druppel in die emmer!! 'Here help my om verskil te maak' is die roep in my hart as ek om my kyk en die nood sien... Van die pastore saam met wie ons werk het 'n projek begin - In plaas van 'n weeshuis as opsie, word (Aids) weeskinders in die villages geborg om by hulle familielede (Grootouers, tannies ...) aan te bly. Die Pastore poog om US$15 rys per kind per maand te voorsien. Dié help die alreeds arm families om nie bekommerd te wees oor nog 'n mondjie wat gevoed moet word nie. Dit is ook 'n geleentheid vir die Kerk om na gelowiges en ongelowiges uit te reik en liefde te betoon. In Sok se village is daar 12 kinders - ek het 3 kinders 'aangeneem' dmv maandelikse ondersteuning.

WERK- EN WOONPLEK

Hoe mooi en funksioneel is die huis nie, net reg vir kantoor en blyplek totdat ... die geraas van die bure se klerefabriek en die industriële naaimasjiene veroorsaak dat die mure in die kantoor en huis letterlik vibreer en die klanke heen en weer teen die mure vas slaan - 7dae 'n week. Al die navorsing en versekering van die huiseienaar dat daar geen fabriek of karaoke in omgewing is was in skerwe. Vir 2 maande lank het ek probeer; gepraat, ooreenkomste probeer maak, gebaklei en soms gehuil, geen sukses. Verlede Sondagaand het nog naaimasjiene gearriveer - die aand kon ek glad nie slaap nie, ek was emosioneel moeg. My medewerkers en ek het saam gesels en besef dat ons almal sukkel om te werk met die geraas wat siel en gees binnedring. Wel ... Ons trek alweer! Bid asb dat die Here die nuwe plek sal seën.

SA BESOEK 3 JANUARIE - 18 APRIL 2009

Ongeveer 2 maande gelede het 'n groep Suid Afrikaners Kambodja besoek en ek was bevoorreg om vir 'n moment in tyd by hulle te kon sit en sommer net te kuier- dit was die lekkerste kuier wat ek in 'jare' gehad het. Die afgelope Sondag het ek na 'n Afrikaanse erediens oor RSG geluister, dit het regtig diep impak in my hart gemaak. Dié alles het my net laat besef hoe ek nou na ± 21maande 'n behoefte het om stil te kan word in `n SA kerk, by SA'ers te kan sit en gesels, selfde humor te kan deel en sommer net weer Afrikaans in oormaat te kan hoor. So... Ek sien daarna uit om julle binnekort weer te sien! Seën vir jou Alta

**LAUDIUM**

Laudium Outreach Group (LOG) het Sondag 2 November 2008 in die Charisma (NG) Kerk vergader. Die vergadering wat heeldag na die erediens gehou is, was goed verteenwoordig. Van die ander Christelike kerke se leiers het dit ook bygewoon; so die visie om saam hande te vat is besig om te realiseer. Johan Naudé van NG Moreletapark is as voltydse evangelis aangestel ( hy het op Maandag 23 Februarie ons gemeente tydens die Uitreikweek besoek). Daar word binnekort 'n EE III kursus aangebied wat spesifiek geskryf is om moslems met die evangelie te bereik. Daar word ook beplan om weer opleiding te gee vir uitreike onder moslems en hindoes. Bly asseblief ernstig bid vir die Here se seën vir al die uitreike en opheffingswerk in Laudium – dat die Here manne en vroue sal stuur met harte wat brandend is vir die saak.

**LIMPOPO-SENDING**

Harold Weepener besoek ons tydens ons Uitreikweek einde Februarie. Hy stel aan ons ds Hannes Peens van NG Marken voor, wat by hom oorneem na sy aftrede.  Bid asseblief dat die Here vir ds Hannes en sy bediening sal seën.

**MOSAMBIEK – GURUE** - Uittreksel uit Allan en Ansie van der Merwe se nuusbrief 21

Januarie 2008

Dankie vir almal wat so getrou saam met ons bid vir die werk daar bo in Gurue. Dit gaan goed met die radioprojek, danksy die sonpanele en batterye kan die radio projek aangaan sonder dieselkostes. Die radiospan is nou ten volle opgelei en kan op hul eie funksioneer. In die Woordskool het ons reeds die volgende kursusse deurgewerk : Ontvang Sy Naam, God se plan met jou lewe en 2 modules van die Johannes evangelie. In die nuwe jaar sal ons Johannes klaar maak en dan weer uit die Ou Testament werk. Chabwe skool het 140 graad 1 en 2 leerlinge in 2008 gehad. Ons het 2 Mosambiekse onderwysers vir wie ons 'n salaris gee uit donasies. Bid saam met ons vir die mense in die noorde van Mosambiek. Hulle is heeltemal blootgestel aan die natuur en het nie altyd die nodige materiaal om hul huise in stand te hou nie.

PERSOONLIK :

Op 3 Januarie is ons middelste seun Hein getroud in Glenco, Natal. Ons jongste seun, Hennie, is getroud op 10 Januarie op Witbank. Al drie ons seuns is nou getroud in 'n lekker datum tyd van 3, 10 en 13 Januarie. Die oudste is twee jaar gelede getroud. Dit wys wanneer hul sendelingouers in die RSA is ! Ons het dit geniet om so ons seuns te ondersteun en saam die geluk te deel. Die Here seën ons baie en ons is dankbaar dat ons nog 2 dogters ryker geword het. Dit laat ons ook met meer gerustheid teruggaan na Gurue, want ons weet ons kinders is gelukkig en versorg met 'n lewensmaat. Baie dankie vir elkeen wat finansieel bygedra het op een of ander wyse die jaar : vir ons 'bestaan', of vir enige van die ander projekte. Ons dank die Here dat ons genoeg fondse gehad het om ons voertuig klaar te betaal in Desember.  Dank ook aan al die donasies deur die jaar in terme van batterye, sonpanele, en ander 'hardeware'.

**SENDING SONDER GRENSE – ds Leon Tait**

Via Sending Sonder Grense word heelwat kinders in Ukraine en Moldawië deur lidmate van ons gemeente geborg.   Ds Tait is deur SSG gevra om vanaf 2009 op die Sondae wanneer hy nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir kinders/families te werf.   Dank aan die Here wat mense van verskillende gemeentes wat deur ds Tait besoek word, se harte oopmaak vir die nood in die uiters arm oud-Russiese lande met geweldige maatskaplike probleme (bv: in Oekraine is 300 kinderhuise, en in Roemenië is daar 630).

Terugvoer : Daar word gepoog om elke maand vir 20 kinders in kinderhuise borge te kry teen R160 per maand (dit is genoeg om in hierdie oud-Russiese lande letterlik vir alle basiese lewensmiddele wat 'n kind nodig het, te betaal, asook in hul geestelike, opvoedkundige en emosionele behoeftes te voorsien). Deur die Here se toedoen is daar in Januarie borge vir 23 kinders verkry, en in Februarie vir 37 – alle dank aan die Here daarvoor, en dankie aan almal wat vir hierdie bediening bid. Indien u deurlopend teugvoer wil kry en bid vir hierdie saak, kontak/sms asseblief vir ds Tait.

**NAVRAE AANGAANDE SENDELINGE**

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kan u die volgende persone kontak wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy - Leon Tait

Mosambiek radiostasie/Allen en Ansie vd Mwerwe - Japie en Ena le Grange

Alta Glas - Chris en Eureka Botha

Gebedsketting + Laudium - Alet Briers

Ds Hannes Peens (Limpopo) - Leon Tait

Sendinggroete in Christus

TAAKSPAN VIR SENDING